

# SA Akademie vir Wetenskap en Kuns

## Beursinligting



**Naam en van:** Johannes Joost Hattingh

**Universiteit:** Universiteit van Pretoria

**Meesters:**

**Doktoraal:**

**Postdok:**

**Studierigting:** Argitektuur

**Titel van proefskrif of  
Verhandeling:**

Sny/Vul: Argitektuur as Versagende Bemiddelaar in Dissonansie

**Datum van afhandeling:** 2016-11-30

**Uitslag:** 65%

**Indien u studie nog nie afgehandel is nie op watter datum beplan u om klaar te wees:**

**Gee asseblief 'n kort opsomming (500 woorde) van u studie en ook die uitkomst van u studie wat die Akademie op hul webblad kan plaas.**

### Ekserp

Onlangse sosiale en politiese bewegings, wat begin het met #RhodesMustFall, en die opvolgende verskeie #MustFall veldtogte, het onderliggende gevoelens na tevore gebring. Dit was geglo dat hierdie onderliggende sentimente suksesvol bedek is met die veelkleurige verf van die reënboog nasie en tog bly ou spanning teenwoordig. Die spanning strek van historiese bevoorregting en onterfenis van die huidige diskoers tot rasse diskriminasie en die gevoel van bedreiging tot identiteite.

Dit is duidelik dat versoening en die nasiebou proses wat in 1994 begin is, vër van klaar is, en dus hersiening op ons erfenisbenaderinge vereis.

Die middel vir hierdie studie is die Pretoria Landroshof wat gebou is in 1941 en sleg beskadig is deur 'n brand in 2010. Die ondersoek fokus van hierdie verhandeling is op die inherente dissonante in die erfenis van die hof, wat eerstens geïdentifiseer is in die klassieke aard van die gebou, maar ook in die skepping en werking van regsruimtes. Hierdie erfeniselemente word geïdentifiseer en benader volgens die Dissonante Erfenis beginsels (Tunbridge & Ashworth 1997).

Verder ondersoek hierdie studie die huidige erfenisbenaderings strategieë en hoe daardie benaderinge herdefinieer kan word. Dit word nie net gedoen om dissonansie in erfenis te versag nie, maar ook om eietydse betekenis by te voeg. Laastens pas hierdie studie erfenis en aanpassende hergebruik beginsels, wat geïdentifiseer en geformuleer is, toe om die bou materiaal van die bestaande gebou te verwyder, ruimtes te herdefinieer en nuwe ruimtes by te voeg. Dit word gedoen met die doel om die bestaande funksie van die siviele landdroshof weer te vestig. Met hierdie benadering word dissonante erfeniselemente ontgin of versag, terwyl nuwe eietydse waarde en betekenis bygevoeg word. Sodoende word nuwe waarde geskep vir toekomstige generasies.